


Gemaklik, los en modieus



baadjies gehekel deur ELSABE NORVAL;
patrone verwerk deur SJOUKJE
JORDAAN; patrone en ontwerp
PINGOUIN-ontwerpateljee

BAADJIE MET GROWWE TEKSTUUR

BENODIGDHEDE

Pingouin Coton Naturel Double Crepe 50 g-bolle, 7(10) bolle Qatara (kleur nr. 13); 3 hakies en ogies; 1 Inox-hekelpen van 3 mm.
Let wel: Tensy aanbevole kantoendraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikeid vir die voltooide werk aanvaar nie.

MATE

Om borsmaat van 77(92) cm lossies te pas; ware grootte 90(108) cm borsmaat, lengte tot skouer 44(50) cm; moulengte 43(44,5) cm.

SPANNING

Spaartyd deur 'n spanningstoets te doen. Vier patroonmotiewe meet 12 cm breed en 14 rye is 10 cm lank. Die regte spanning is baie belangrik; as daar te min steke in jou toetslappie is, moet 'n fyner, en indien te veel, 'n growwer hekelpen gebruik word.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; gs – glipsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; oorbl – oorblywende; pat – patroon; goh – gare oor hekelpen; vlg – volgende; tr – trossie, d.w.s. goh, (steek pen in 'n steek, goh en trek 'n lus op) 3 keer in dieselfde st, goh en trek deur 6 lusse, goh en trek deur oorbl 2 lusse; weersk – weerskante; sp(s) – spasie(s); herh – herhaal; st(e) steek(steke).

PATROONSTEEK word volgens diagram 1 gehekel, en 3ks vervang altyd die 1e lb van 'n ry.

AGTERPANT

Begin met 122(146) ks en hekel patroon volgens diagram 1; daar is dus 15(18) motiewe. Gaan voort sonder vorming tot werk 42,5(48,5)

Dra 'n hekelbaadjie wat lossies pas oor ander klere – net reg vir die jongste mode. Saamgestel deur Sandra Bodenstein

cm lank is vanaf beg.

Halsvorming: Laat die middelste 4(5) motiewe ongehekel en voltooi elke skouer afsonderlik, volg diagram 2; gs oor 20 ste en hekel 1 ry op die 3,5(4,5) motiewe aan sykant, hekel dan die laaste ry volgens diagram. Knip werkdraad af.

Voltooi die 2e skouer om met 1e ooreen te stem.

REGTERVOORPANT

Begin met 62(74) ks en hekel pat volgens diagram 1; daar is 7,5(9) motiewe.

Hekel pat tot werk 34(40) cm lank is vanaf beg.

Halsvorming: Laat aan einde van ry 15(20) ste ongehekel, en hou daarna aan met vermin aan dieselfde rand soos aangedui op diagram 3, oor 3,5(4,5) motiewe.

Gaan so voort tot werk so lank soos agterpant totskouer is, hekel die laaste ry wat op diagram aangedui word en knip werkdraad af.

LINKERVOORPANT

Soos regtervoorpant, maar met omgekeerde halsvorming.

DIAGRAM 1

Hou aan met herh van 2e en 3e ry vir hierdie patroon, vervang altyd die 1e lb van 'n ry deur 3ks.




DIAGRAM 2

Halsrand van agterpant





DIAGRAM 3

Halsrand van voorpant

Let wel: Die diagram toon die linkerhalsrand, werk in omgekeerde volgorde vir regtervoorpant



MOUE(2)

Begin met 58(82) ks en hekel pat volgens diagram 1; daar is 7(10) motiewe. Vermeer aan weersk van 3e ry en hou daarna aan met vermeer aan weersk van die rye wat op diagram 4 aangedui word, tot daar 13(16) motiewe is.

Gaan voort tot 59(61) rye volgens pat voltooi is, hekel dan die rye wat met A en B aan bokant van diagram aangedui word. Knip gare af.

AFWERKING

Werk skouernate toe. Merk aan weersk van pante 'n punt 19,5(24) cm onderkant skouernaat om mousgate aan te dui, verseker dat die merkers in albei pante by dieselfde patroonry geplaas word. Werk moukoppe tussen merkers vas, werk dansy-en mounate toe, sorg dat patroonrye ooreenstem. Heg werkdraad aan onderrand van regtervoorpant vas, 1ks, hekel dan kb oor voorpantrand, rondom halsrand en oor linkervoorpantrand. Knip werkdraad af.

BANDJIES


Begin met 76ks, draai, slaan 1ks oor, hekel dan met gs tot einde. Knip werkdraad af. Maak nog 5 sulke bandjies.

Werk 3 bandjies aan elke voorpant vas, die eerste gelyk met halsrand en die ander met 8 cm tussenin. Werk hakies en ogies onderkant die bandjies vas.

- - gs
- - ks
- + - kb
- ⊖ - tr
- ⊥ - lb

DIAGRAM 4

Mouvorming



LAS MET VIERKANTE

BENODIGDHEDE

Sowat 400 g Tridalia nr. 5, 50 g-bolle; hekelpen van 2,50 mm of om by jou werk te pas; 6 knope; tapisserienaald om vierkante aan mekaar vas te werk.

MATE

Om borsmaat van 77 cm lossies te pas; ware grootte sowat 107 cm rondom; lengte tot skouer sowat 54 cm.

SPANNING

Een gehelnde vierkant meet 7,5 x 7,5 cm; pas jou hekelpen aan, indien nodig.

AFKORTINGS (Sien baadjie met growwe tekstuur)

Een spatie bestaan uit 1 of meer kettingsteke, soos genoem waar toepaslik.

VIERKANT A

Begin met 6ks, gs om 'n ring te vorm.

1e rondte: 5ks (1lb, 2ks), (3lb, 2ks) 3 keer, eindig met 2lb, gs in 3e van 5ks. Let op dat elke rondte met 5ks begin om eerste lb plus 2ks te vervang; dit word nie verder genoem nie.

2e rondte: Gs in vlg sp, 5ks, 3lb in dieselfde sp, *1ks, slaan 3lb oor, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp; herh van * nog 2 keer, 1ks, slaan 3lb oor, 2lb in dieselfde sp as 5ks aan beg van rondte, gs in 3e beg-ks.

3e rondte: Gs in vlg sp, 5ks, 3lb in dieselfde sp, *1ks, slaan 3lb oor, (3lb, 1ks) in vlg sp, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp; herh van * nog 2 keer, 1ks, (3lb, 1ks, 2lb) in vlg sp, gs in 3e beg-ks.

4e rondte: Gs in vlg sp, 5ks, 3lb in dieselfde sp, *(1ks, 3lb in vlg sp) 2 keer, (1ks, 3lb in vlg sp) 2 keer, 1ks, (3lb, 2ks, 3lb) in hoek-sp; herh van * 2 keer, (1ks, 3lb in vlg sp) 2 keer, 1ks, 2lb in vlg sp, gs in beg-ks.

5e rondte: Gs in vlg sp, 5ks, 3lb in dieselfde sp, *(1ks, 3lb in vlg sp) 3 keer, 1ks, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp; herh van * 2 keer, (1ks, 3lb in vlg sp) 3 keer, 1ks, 2lb in vlg sp, gs in 3e beg-ks.

Knip werkdraad af.

VIERKANT B

Beg met 6ks, gs in 1e ks om 'n ring te vorm.

1e rondte: 3ks vir 1e lb, 15lb in ring, gs in 3e beg-ks.

2e rondte: 5ks, (1lb in vlg lb, 2ks) 15 keer, gs in 3e beg-ks.

3e rondte: 3ks, 2lb in 1e sp, 1ks, (3lb in vlg sp, 1ks) 15 keer, gs in 3e beg-ks.

4e rondte: *(3ks, 1kb in vlg sp) 3 keer, 6ks, 1kb in vlg sp; herh van * rondom, gs in 1e van 3 beg-ks.

5e rondte: Gs in 1e sp, 3ks, 2lb in dieselfde sp, (3lb in vlg sp) 2 keer, *(5lb, 2ks, 5lb) in hoek-sp, (3lb in vlg sp) 3 keer; herh van *, eindig met (5lb, 2ks, 5lb) in 4e hoek-sp, gs in 3e beg-ks.

Knip werkdraad af.

HALFVIERKANTE

Word in rye, nie rondtes nie, gehel.

HALFVIERKANT A

Beg met 5ks, hekel in 5e ks vanaf hekelpen (3lb, 2ks, 3lb, 1ks, 1lb), draai.

2e ry: 5ks, 3lb in 1e sp, 1ks, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp, 1ks, (3lb, 1ks, 1lb) in laaste sp, draai.

3e ry: 5ks, 3lb in 1e sp, 1ks, 3lb in vlg sp, 1ks, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp, 1ks, 3lb in vlg sp, 1ks, (3lb, 1ks, 1lb) in laaste sp, draai.

4e ry: 5ks, 3lb in eerste sp, (1ks, 3lb in vlg sp) 2 keer, 1ks, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp, (1ks, 3lb in vlg sp) 2 keer, 1ks, (3lb, 1ks, 1lb) in laaste sp.

5e ry: 5ks, 3lb in 1e sp, (1ks, 3lb in vlg sp) 3 keer, 1ks, (3lb, 2ks, 3lb) in vlg sp, (1ks, 3lb in vlg sp) 3 keer, 1ks, (3lb, 1ks, 1lb) in laaste sp.

HALFVIERKANT B

Beg met 4ks, 9lb in 4e ks vanaf hekelpen, draai.

2e ry: 4ks, (1lb in vlg sp, 2ks) 7 keer, lb in vlg lb, 1ks, 1lb in 3e draai-ks. Daar is nou nege 2ks-sps.

3e ry: 3ks, 1lb in 1e sp, 1ks, (3lb in vlg sp, 1ks) 7 keer, 2lb in laaste sp.

4e ry: 6ks, (1kb in vlg sp, 3ks) 3 keer, 1kb in vlg sp, 6ks, 1kb in vlg sp, (3ks, 1kb in vlg sp) 3 keer, 3ks, 1lb in 2e draai-ks.

5e ry: 4ks, 5lb in eerste sp, (3lb in vlg sp) 3 keer, (5lb, 2ks, 5lb) in hoek-sp, (3lb in vlg sp) 3 keer, (5lb, 1ks, 1lb) in laaste sp.

Knip werkdraad af.

Die kort baadjie met moue het 'n growwe tekstuur en kan oor 'n broek saam met 'n langbroek of rompedraai word. Die onderbaadjie bestaan uit vierkante wat aan mekaar gelas word.



AGTERPANT EN TWEE VOORPANTE

Maak 42 vierkante elk van A en B, en voor halsrande aan voorpante, maak 'n halfvierkant elk van A en B. Werk die vierkante aan regte kant oorhands aan mekaar vas, wissel A- en B-vierkante deurgaans af soos op diagram 5. Die 4 vierkante tussen voorpante en agterpant vorm mousgate.

AFWERKING

Hekel 2 rondtes lb rondom alle rande, en maak in eerste rondte 6 knoopsgate, eweredig gespaseer, in regtervoorpantrand. Maak 'n knoopsgat deur 3ks, slaan 3 ste oor, te hekel; en in daaropvlg rondte, hekel oor al die ste.

Werk knope aan teenoorgestelde kant vas.

Die knope en knoopsgate kan weggelaat word.

DIAGRAM 5

